# 98.Die La Grange familie van Montagu

**Introduction**

**Francois de Kock thank you so much for bringing the story of Kosie La Grange to the attention of Montagu Stories by way of the insightful article written by Paul Fouche. This then lead to contact being made with Van Zyl La Grange son of Kosie who compiled a magnificent tribute by way of an album about his family and their time in Montagu (album part of this article).**




***The La Grange home Montagu***



**What sê Paul Fouche**

Brokkies uit – *'n Verhaal van Afrikaanse musiek – Paul Fouche – Desember 2000 MS)*


Toenemende gewildheid vra meer musiek en in hierdie nuwe genre van ligte Afrikaanse musiek was daar slegs 'n handjievol komponiste soos Danie Bosman, die Coopers en Madelene van Aardt. In 1937 verlig die verskyning van die FAK-sangbundel die nood, maar een aand, tydens 'n koffiehuiskonsert, is Hendrik Susan formeel verwittig dat hy nie meer musiek uit die FAK-sangbundel mag speel nie. Hy moes eenvoudig self musiek komponeer vir die Maandagaand se direkte uitsending. Uit die nood spruit *Huisie in die berge* met Hendrik verantwoordelik vir die musiek en die woorde. Pieter de Waal het met Hendrik saamgespan en die woorde vir *Hier moet ons skei, Ons lag, sing en dans* en *Kom laat ons dans* geskryf. Dis nie meer bekend nie, maar Pieter de Waal of Hendrik het waarskynlik tydens die uitsending 'n beroep op komponiste gedoen om musiek te stuur. Was dit bloot 'n aankondiging tydens konsertoptredes, sou daar nie so gou nuwe komposisies uit noord en suid op Hendrik se tafel beland het nie.

***Boereseun kry 'n Boerenooi***

Twee komponiste het elkeen twee komposisies in die pos gegooi. Uit Pretoria het C. Jonathan Frean vir Hendrik *Agmat* en *Ons ry*

*die wapad* gestuur. Oor hierdie seun van Ventersdorp, Cecil Jonathan Frean, gebore in Maart 1894, is min bekend. Hy het musiekopleiding gehad, maar verkies om na skool eers te gaan boer voordat hy hom ingeskryf het as ‘n onderwysstudent. Die ander komponis was van Montagu, daar op die rand van die Klein-Karoo, maar behalwe sy musiektalent, het hy nóg ‘n besondere gawe gehad…

Watter een van sy gawes die omgewing se boere die meeste waardeer het, sal ons nooit met sekerheid weet nie. Het hy in die dertigerjare in Johannesburg bly woon, kon hy met sy klassieke agtergrond, dansorkesondervinding, vindingryke klavier- en trekklavierspel en sy vermoë om liedjies met ‘n sterk melodielyn te skryf, net so ‘n bekende en gewilde orkeslid van Hansie van Loggerenberg, Hendrik Susan, Sam Petzer of Freddie Fischer se orkeste gewees het soos enige ander bekende musikant van destyds. Sy ander voorliefde het gewen. Deur die jare het hy ‘n geoefende oog ontwikkel vir rotsformasies en kon hy sy boormasjien se punt sekuur deur die klipbanke dryf om gemeenskappe van McGregor, Barrydale en die Koo van vars water te voorsien.




**Jacobus de Villiers (Kosie) la Grange** is as die oorlewende een van ‘n tweeling op 17 November 1915 vir Izak Stefanus la Grange en Miemie, ‘n nooi de Villiers, gebore. As skoolseun op Beaufort-Wes het hy uitgeblink in musiek, maar rye trofeë getuig ook van sy spoed as kortafstandatleet. Destyds was die atlete se pryse gebruiksartikels soos, porseleinkoffiestelle, koperskinkborde en versilwerde tafelware. Sy ouer broer, Paul, wou viool speel en sy pa het vir hom ‘n pragtige viool gekoop. Kosie kry op twaalfjarige ouderdom ‘n besondere Fritz Kuhla-klavier en begin met klavier- en orrellesse by mev. Van der Hoven, die skoolhoof se vrou. Sy was ook Danie Bosman se musiekonderwyseres. Met sy ouers se geesdrif en ondersteuning ontwikkel sy tegniese vaardigheid sodanig dat hy as jong hoërskoolseun reeds orreluitvoerings in Beaufort-Wes se toringkerk aanbied. Hy raak sodanig bekend vir sy klavieruitvoerings in Beaufort-Wes se stadsaal van die werke van Chopin, Mendelsohn, Liszt en Mozart dat Kaapse skole hom ‘n studiebeurs aanbied, maar dis darem teen sy pa se grein om so ‘n jong seun so ver van die huis af te laat skoolgaan.

Intussen bly Kosie La Grange darem nie onaangeraak deur die ligte dansmusiek en jazz van sy tyd nie. Saam met sy broer Paul, Piet de Villiers as tromspeler, Sewes de Villiers, wat die banjo rats kan tokkel, asook Tippie Ferreira en sy saksofoon, stig hulle die *Melodians.* Dit was nou nie *The Melodians* wat saam met Chris Blignaut *Sarie Marais* in die gelyknamige rolprent gesing het nie. Hulle moet net gou hulle rieme fyn sny tussen al die optredes op die omringende Karoodorpe en by elke moontlike dansgeleentheid. Sy musiekonderwyseres was nie veronderstel om van sy spelery te weet nie, want sy sou dit beslis afkeur, maar eendag beland sy op 'n funksie saam met die *Melodians.* Haar enigste kommentaar was:

"Oh, you've blossomed forth. You're a jazz pianist now!" Kosie se droom was om musiek te gaan studeer, maar die gevestigde opvatting was *dat daar in hierdie land hoegenaamd geen toekoms vir 'n jong man in die klassieke musiekwêreld is nie.* Gebrek aan aanmoediging en die donker depressie- en droogtejare lei tot 'n kort tydperk in sy broer se *Barbierwinkel en haarkappersalon,* maar in 1933, op agtienjarige ouderdom, raak die lokstem van Johannesburg se goudmyne te sterk.

In Johannesburg begin hy hom al meer op ligte musiek toelê, sterk onder die invloed van klavierspelers soos Carmen Cavallaro en Carol Gibbon, asook komponiste soos Jerome Kern, George en Ira Gershwin, Irving Berlin, Cole Porter en Rodgers en Hammerstein met hulle byblydeuntjies, gevatte berymings en betowerende romantiek. Sy belangstelling ontwikkel in die opwindende nuwe genre in Afrikaanse musiek, wat al sterker ooreenkomste begin toon met die beste Amerikaanse, Britse en Europese ligte musiek, terwyl dit steeds 'n Afrikaanse karakter behou.

Op aandrang van sy pa vestig hy hom in 1938 op Montagu, waarheen sy ouers en broer intussen verhuis het. Eendag, terwyl hy aan 'n boormasjien werk, sien hy Sally van Zyl op haar fiets op pad na prokureur Sandler se kantoor, waar sy

boekhoudster was. Hy stop haar daar en dan en vra haar om hom te vergesel na die funksie om die simboliese ossewatrek se oorstaan op Montagu te vier. So sien sy *Boerenooi* die lig, al moet Johnnie Thomson, die latere lid van die Provinsiale Raad en lid van die Uitvoerende Komitee vir Swellendam, die romantiek van die melodie verwoord. Kosie en Johnnie span ook saam vir *Ek sing van jou,* en dis hierdie twee wat Hendrik Susan kry en wat ook op bladmusiek versprei word. Hendrik Susan en sy orkes saai die nommers uit, maar dis deur ‘n Griek wat die twee liedjies werklik bekend word.



***Hendrik Susan, onder sy orkeslede bekend as die "Chief."***



***John Vonos***

***Die "Chief" en Kosie se *Griekse boertjie***

*(*In die tagtigerjare van die vorige eeu het 'n gewilde sanger van Griekse herkoms, Yoti Loizos, bekendgestaan as Yoti, die Griekse boertjie.)*

Hendrik Susan het die Griekse sanger waarskynlik in die Waldorf-teaterrestaurant in St. Georgesstraat hoor sing tydens die orkes se verblyf in Kaapstad gedurende die oorlogjare. John Vonos het pragtig gesing, maar kon nie 'n woord Afrikaans praat nie. Weens die gewildheid van die twee liedjies moes dit natuurlik op plaat vasgelê word. Met sy kenmerkende vasberadenheid het Hendrik eenvoudig vir John die woorde foneties laat leer. Weet 'n mens nie dis 'n Griek wat daar sing nie, kan dit net sowel 'n Afrikaanse sanger met 'n klassieke agtergrond wees wat *Boerenooi* en *Ek sing van jou* vertolk. Dis ook die geval met John Vonos se vertolking van Babs Pretorius se *Bosveldaand.* In die rolprent *Alles sal regkom* sing hy P.J. Kleynhans se *Jou hart roep na my* met soveel oorgawe dat 'n mens sou sweer hy verstaan en beleef elke woord wat hy sing! Dié Griek het nogal 'n humeur gehad. 'n Hollandse sanger, Marcel Laves, het by geleentheid saam met die orkes opgetree en gewoonlik met snaakse Hollandse klere en klompe op die verhoog gedans. Die orkeslede het vir John Vonos geterg omdat hy nie ook manewales op die verhoog uithaal wanneer hy sing nie. Hulle het hom gou met rus gelaat nadat hy eendag woedend uitgeroep het: "I now feel to kill!"

John Eannis Vonos was 'n sanger met 'n klassieke agtergrond. Hy is op 21 Junie 1910 in Istanbul, Turkye, gebore en as regte- en musiekstudent studeer hy eers in Athene en daarna in Italië. Optredes volg in Athene se operahuis en in verskeie Europese lande, maar Afrika roep en hy emigreer na die destydse Belgiese Kongo (Zaïre). In 1938 verkies hy Suid-Afrika en sing twee jaar saam met 'n Griekse orkes in 'n restaurant, heel moontlik die Waldorf Café in Kaapstad, voordat hy by Hendrik Susan se orkes aansluit, saam met hulle toer en tydens radio-uitsendings optree. Vanweë sy musiekagtergrond, kry hy ook die geleentheid vir optredes saam

met Kaapstad se stadsorkes en die SAUK-simfonieorkes. In 1945 pak die reisgogga hom weer en hy verlaat Hendrik Susan se orkes om oorsee te gaan net om later weer terug te keer.

Dis jammer John Vonos het nie gebly om van Kosie la Grange se ander liedjies ook op te neem nie, want Kosie het nie net *Boerenooi* en *Ek sing van jou* gekomponeer nie. ‘n Stormagtige nag keer hom in Bainskloof se nou bergpas vas terwyl hy haastig op pad terug Montagu toe is om ‘n afspraak met Sally na te kom. Dit was nog jare voordat die Italiaanse krygsgevangenes die Du Toitskloof-pas voltooi het. Stoksielalleen, met net die geselskap van sy trekklavier op die agtersitplek van sy motor, terwyl die storm in die stikdonkerte uitwoed, komponeer hy in die emosie van die oomblik die aangrypende melodie, *Teleurgestel.* Douvoordag die volgende môre, terwyl die huismense nog slaap, strompel hy by sy oom Tobias se plaashuis op Hexrivier in om *Teleurgestel* vir die klavier op manuskrippapier vas te lê. Dié lied se titel herinner ‘n mens aan *Teleurgestel*, die boek van Jochem van Bruggen, wat in 1925 al ‘n derde druk beleef het. *Hildegarde* dra Kosie op aan sy broer, wat tragies verongeluk het, se enigste dogter. In 1941 koop hy ‘n verloofring en op 1 Desember 1942 is Kosie en Sally voor die kansel verby. Nog is die muse nie klaar met hom nie. Waarskynlik sy broer se instemmery van die viool, inspireer *As ek op my ramkie speel.* ‘n Ontmoeting met Harold Cobb en Danie Bosman lei tot ‘n produktiewe tydperk met komposisies soos *Sonskyn, Lentelied, Ek sal jou nooit vergeet nie, My drome is nog steeds van jou* en *Parstyd in die Boland.* Danie Bosman beoog om ‘n rukkie op Montagu te kom kuier sodat hulle saam kan komponeer, maar dokters diagnoseer kort daarna maagkanker by Danie en hy kon nooit sy voorneme uitvoer nie. In 1952 koop Kosie La Grange die plaas Nelsrus ongeveer 13 kilometer buite die dorp en herdoop dit na *Octavia*. Sy ouers woon voorlopig op die plaas. Kosie komponeer die *Wynlied* vir die Montagu-wynfees en die *Volkslied* vir die Eeufees van Montagu. Hy speel ‘n leiersrol in die gemeenskap as voorsitter van die Afdelingsraad en die

Hospitaalraad, terwyl hy gedurig in aanvraag is as klavierspeler, trekklavierspeler en orkesleier.

Seker Kosie La Grange se omvangrykste bydrae tot Afrikaanse musiek is sy baanbrekerswerk met musieklesse vir skoolkinders, wat belangstel in ligte Afrikaanse musiek, selfs voordat hy, Sally en hulle vier seuns, Paul, Van Zyl, Kosie (jnr.) en André in 1960 Octavia toe trek. Al leer hy hulle ook om gewilde Engelse deuntjies te verwerk en te vertolk, menige liedjie op die leerlinge se eie versoek, stuur hy niemand weg sonder ‘n grondige kennismaking met komponiste soos Jan Pohl, Danie Bosman, Carstens en De Waal, Tommy Roering en Taffie Kikillus nie. Sy onderrigstyl was werklik destyds al uitkomsgebaseerd en uniek vir die algemene metodiek van daardie jare. In plaas van om ‘n paar stukke tot in die fynste besonderhede in te oefen, het hy met ‘n “Kom ons kyk hierdie enetjie gou deur,” ‘n wêreld vir sy leerlinge oopgemaak en in ‘n rekordtyd ‘n grondslag gelê vir onafhanklike ontwikkeling. Sy leerlinge was altyd in aanvraag vir optredes tydens skool- en dorpsfunksies. Vele male het Kosie wyd en syd aangekondig dat hy sy musieklesse gestaak het, maar soos vir Chris Blignaut, wou die gemeenskap hom maar net nie toelaat om af te saal nie en het motors vol leerlinge maar weer van die dorp en die omliggende dorpe gekom en sy kosbare bladmusiek verrinneweer in ‘n poging om soos oom Kosie te kan speel! Sy bydrae om ‘n opgevoede luisterpubliek en ‘n kopersmark vir Afrikaanse musiek te skep, is onberekenbaar. In die laat sestigerjare was *Boerenooi* nog ‘n item op ‘n verskeidenheidskonsert van die onderwysstudente van Wellington en was dit deel van Gert Lochner, ‘n Oostelike Provinsie-slot, gewilde sanger en skoolhoof se repertoire. Ronnie Theron, veteraan van vele plate en uitsendings, het *Boerenooi* selfs in 1996 nog saam met ‘n orkes in Bellville gespeel.

John Vonos se opname was nie die enigste een van *Boerenooi* nie. ‘n Simfonieorkes van die SAUK het *Boerenooi* en *Ek sing van jou* opgeneem, en die Môreligsangers vir *Boerenooi.* Jurie

Ferreira het *Ek sing van jou* opgeneem en Nico Carstens se weergawe van *Boerenooi* op ‘n transkripsielangspeelplaat vir die SAUK het herleef op sy dubbel CD *Die lewenslied van Nico Carstens.* Murray Campbell, die trompetspeler wat in 1965 ‘n huishoudelike naam geword het met sy treffer *Goodbye my love,* wat 15 weke lank op die Springbokradio treffersparade gekuier het, ses daarvan in die eerste plek, het *Boerenooi* en *Ek sing van jou* vir die SAUK se transkripsiediens op plaat vasgelê. Selfs die sangster van destyds, Virginia Lee, maak *Boerenooi* die titelsnit van haar 1971-langspeler, *Ons Boerenooi.* Haar liedjie *Boerenooientjie,* Anton de Waal se komposisie met ‘n Spaanse deuntjie as basis, sorg soms vir verwarring tussen die twee opnames, maar dit was Kosie la Grange se *Boerenooi* wat nog ver oorkant die blou water sou weerklink.

Boonop is John Vonos se opname van *Boerenooi* in 2010 as ‘n snit op Huisgenoot se stel van drie CD’s, *90 jaar van Afrikaanse musiek,* ingesluit. Praat van immergroen!

***Boerenooi se maat***

Hendrik Susan kon vir Kosie La Grange tydens een van die orkes se toere ontmoet en sommer goed met die La Grange-gasvryheid, Montagu se warmbronne en die streek se besondere druiweprodukte kennis maak. Gelukkig was hy ook goed bevriend met ‘n ander komponis wat sedert die vroeë dertigerjare ‘n buitengewone standaard vir ligte Afrikaanse musiek gestel het.



***Danie Bosman***

**Nie opeenvolgende gedeeltes wat die naam Kosie La Grange bevat.**

Net toe die musiekwêreld meer rooskleurig vir Danie Bosman begin lyk, breek die Tweede Wêreldoorlog uit. Die uitgee van plate en bladmusiek kom feitlik tot stilstand en dit beteken maar weer frustrasie en afwagting. Tog, ten spyte van die onsekerheid van die oorlogjare, begin Danie en Anton met musiekuitgewers onderhandel en beplan ‘n nuwe onderneming. Danie bestudeer moderne Afrikaanse musiek en begin intensief saam met Anton werk aan ‘n eg Afrikaanse jazz-simfonie. Dis vandag redelik onbekend dat Danie Bosman die *Springbok Rapsodie* gedurende die oorlogjare voltooi en aan die Suid-Afrikaanse soldate in die noorde opgedra het. Danie het self drie keer probeer aansluit, maar is weens gesondheidsredes afgewys. Hierdie rapsodie was die tema van die rolprent oor Danie Bosman se lewe in die laat sestigerjare. Voor die Kavalier-produksie, *Danie Bosman,* het hierdie komposisie met sy klassieke ondertone slegs een uitvoering beleef. Hendrik

Susan en sy orkes het die rapsodie slegs een keer aangedurf, maar volgens Hendrik was dit te moeilik.

*Boereseun* se trefferstatus het net gewag vir ‘n *Boerenooi* om saam met hom in die kalklig te staan. Danie het met Kosie La Grange in aanraking gekom en hulle het afgespreek om saam te werk sodra Anton de Waal en Danie daarin kon slaag om ‘n maatskappy te vestig wat sou omsien na die regte en die vergoeding van komponiste.

Danie sou nie die vreugde van ‘n eie onderneming, komposisies saam met Kosie La Grange op Montagu, of ‘n leefbare verdienste uit sy werk beleef nie. Hy moes in die reën na die eerste uitsending van sy musiek staan en luister. Op 27 Mei 1946, met Dorothy en Anton by hom, sterf hy aan maagkanker net nadat Cecil Wightman die eerste SAUK-program oor Danie Bosman se musiek uitgesaai het. Die program het ‘n halfuur geduur, vanaf 18:00 tot 18:30. Sy suster, mev. Joey Combrinck van Kaapstad en latere orreliste van die N.G. gemeente Tamboerskloof, het net na die uitsending die trein Muizenberg toe gehaal om haar broer te besoek, maar sy was te laat. Danie het wel na die hele uitsending geluister en selfs met sy hande tyd gehou. Hy was maar 39 jaar oud – sy einde was daar net toe sy droom begin waar word het, maar op versoek van sy naasbestaandes kry sy groot vriend, Anton de Waal, volle beheer oor Danie se musiekregte en kontrakte.

Die bloeityd van Afrikaanse musiek was wel vir andere beskore.

***Boerenooi in Venesië***

Kosie La Grange het hom intussen darem nie net met dorpsake en musiekleerlinge besig gehou nie. André, sy jongste seun, besluit om in 1979 ‘n aanvallige jong dame preekstoel toe te lei en pa moet ‘n geskikte lied komponeer. Dié huwelik was die dryfkrag agter *Huweliksbede.* Maar moenie dink *Boerenooi* is vol selluliet en verrimpeld nie.

In 1985, dieselfde jaar waarin Gé Korsten die

hoofdirekteurskap van Kruik aanvaar en Coenie de Villiers ‘n Sarie verwerf vir sy langspeelplaat *Die reisiger,* trakteer Paul en Van Zyl hulle ouers op ‘n Europese toer. Van Zyl het in die geheim die bladmusiek en ‘n bandopname van *Boerenooi* aan die opelug-orkesleier van die Café Florian op die St. Markusplein in Venesië gestuur. Hierdie straatkafee is wêreldberoemd, die gunsteling van die koninginmoeder van Engeland en seker van die mees romantiese hoekies op hierdie verruklike plein. Die niksvermoedende Kosie en Sally laat hulle die besoek aan die besondere plek welgeval behalwe vir Kosie wat kla dat hulle darem onnodig na aan die orkes sit. Met peperduur drankies in die hand knik Van Zyl vir die orkesleier agter die vleuelklavier en *Boerenooi* se melodie styg uit oor die eeu-oue St. Markusplein met sy betowerende ruimtes, elegante wandelgange en sierlike torings asof dit maar altyd deel was van die tydlose, klotsende kanale en die kosbare kunswerke. Op aandrang van die orkesleier moes die begaafde seun van Beaufort-Wes die applous erken en *Boerenooi* in die repertoire van die orkes onderteken. Die salonorkes van die Café Florian het *Boerenooi,* elke dag, daardie hele seisoen gespeel! Die jong Kosie La Grange in Johannesburg was reg. Ligte Afrikaanse musiek is tuis tussen die grotes van die wêreldverhoë.

---

Met twee onderwysers, ‘n dosent en ‘n advokaat in die gesin, het Kosie Octavia maar op die mark gesit en Melkbosstrand in 1995 sy tuiste gemaak. Hier kan Sally en Paul hom aanpor om sy vingers soepel te hou op die Fritz Kuhla klavier. Daar is ook nog ‘n oulike elektroniese orreltjie en die Hohner trekklavier klink nog net so goed soos daardie stormnag in Bainskloof!

---

Die jaar 2000 het nie so dramaties begin soos voorspel en gevrees nie, maar die afskeid was ons nie gespaar nie. Bles Bridges verongeluk op 24 Maart 2000 en Tolla van der Merwe op

7 Augustus. Ollie Viljoen se vrou Estelle sterf in dieselfde ongeluk en oom Koos Meyer, die legendariese storieverteller, op 17 Oktober weens beserings in dieselfde ongeluk Op Vrydag 19 Mei berig *Die Burger: Boerenooi se komponis begrawe op Melkbos.* Oom Kosie La Grange sterf op 16 Mei na ‘n beroerte en sy gesin, familie en vriende bring hulde aan hom tydens die roudiens met ‘n orreluitvoering van sy *Huweliksbede* en by sy aftreewoning met Virginia Lee se opname van *Boerenooi.* Prof. Gawie Cillié, ‘n oud-voorsitter van die FAK, sterf op 15 Junie, ‘n maand voor sy neëntigste verjaardag, in die Odeon Towers versorgingsoord in die Strand. Daar was ook hoogtepunte. Resensente kondig met groot opgewondenheid aan dat Koos Kombuis se boek *Seks & drugs & boeremusiek* verskyn het met ‘n inhoud wat ontstel en vermaak. Vir musiekliefhebbers was daar groter nuus.

---

**Visit the family album compiled by son Van Zyl La Grange**



**1940**

**<u>LIEFDE MET EERSTE OOGOPSLAG</u>**



**KOSIE** (Jacobus de Villiers) **LA GRANGE,**

geb. 17 November 1915 te Beaufort-Wes

**en sy "Boerenooi",**

**SALLY** (Sarah Elizabeth) **VAN ZYL**

geb.23 November 1920 te Montagu

## SKOOLDAE OP BEAUFORT-WES





Die MELODIANS, met Kosie voor die klavier en Paul (heel links ) op viool




Onafskeidbare musiekmaats;

Kosie en sy ouer broer Paul

## JOHANNESBURG



Kosie (regs) begin ondergronds werk en maak vinnig opgang in die myne. Hier word hy dadelik betrek by klassieke klavieruitvoerings. Sy blootstelling aan Jazz en ligte musiek oefen 'n groot invloed uit op sy klavierspel.





Beide Kosie en sy broer Paul sluit hul aan by die Vrymesselaars-beweging



Kosie en Sally tree in die huwelik in die N.G. Kerk op Montagu



Sally met hulle vier seuns: Paul (01 Jan. 1945), van Zyl (03 Des. 1946), Kosie (03 Okt. 1949) en André (28 Apr. 1954).








By die opening van die Avalon Hotel

Kosie en Sally dra mildelik by tot die Montagu gemeenskap: Kosie as Voorsitter van die Afdelingsraad en die Hospitaalraad, Sally by die VLV en die Skoolkomitee. Kosie bereik die hoogste vlak van leierskap in die Vrymesselary. Hulle help met raad en daad om die Natuurtuin te vestig, terwyl Kosie se klavierspel en Sally se indrukwekkende blommerankskikkings keurigheid en kleur verleen aan funksies en vierings op die dorp. Later dien albei ook op die Museumraad waar hulle die museumstruktuur en -administrasie help beplan en ywerig versamelings help bou. Sally het bv. al Jouberthuis se hanglampe eiehandig opgebou en gerestoureer.


Hier word vriendskappe gesmee wat hulle deur die jare vorentoe kon saamdra.



# 1951

**Portret van Sally , geskilder deur Peter Moór in 1951.**

Na die Oorlog vlug Peter na Suid-Afrika. In 1949 vestig hy hom vir 'n kort tydjie op Montagu aan huise van Peter Joubert, waar hy as portretskilder naam maak.




## OCTAVIA

In 1952 koop Kosie die plaas "Nelsrus", net mooi 8 myl buite Montagu, op die Barrydale pad. Hy verander die naam na "OCTAVIA" om sy liefde vir musiek te bevestig.

Kosie se kennis van geologie en sy intuitiewe aanvoeling vir die ondergrondse vloei van water, verseker dat hy met groot sukses water aanwys. Hy vind water op vele plase waar daar nooit voorheen vars water was nie. Sy boormasjiene, soos dié van sy Pa en Broer, dra oor baie jare by tot die ontwikkeling en vooruitgang van plase oor die hele Kaapland.

Met sy gawe om vars water aan te wys en daar te boor, kom Octavia tot sy reg wanneer hy wingerde en boorde aanplant.



Die gesin verhuis in 1960 van le Rouxstraat 27 na Octavia. Hierop volg baie gelukkige jare waar die kinders in hierdie pragtige omgewing, aan die voet van die Langeberg, grootword.

In die tuin op OCTAVIA: Kosie, van Zyl en Paul agter, met André, Sally en Pa Kosie voor.



**"Ek sing van jou". Kosie en Sally by die Fritz Kuhla,'n geskenk van sy ouers met sy 12de verjaarsdag.**




**Die boerdery floreer en brei uit, die kinders word groot, die sosiale bedrywighede en gemeenskapsbetrokkenheid neem toe, maar die klavier, trekklavier en orrel deurweef al hierdie aktiwiteite. Kosie se musiekstudente ry getrou elke Dinsdagaand uit plaas toe, om sy unieke leerstyl te belewe.**



---

**By André en Verie se troue,1979**



**Groot geskenk vir bruidspaar**

Overberg 9 Maart 1979

MONTAGU – Spanwerk tussen ‘n vader, ‘n leraar en ‘n leraarsvrou het op Montagu gesorg vir ‘n baie besondere verrassing vir ‘n jong staatsadvokaat en sy bruidjie van Port Elizabeth. Weke voordat André la Grange onlangs met Verie Herselman van Joubertinia getroud is, het André se vader, mnr. Kosie la Grange van die plaas Octavia, besluit dat André en Verie se huwelik ‘n besondere een moet wees. Saamgestel uit die huweliksformulier, het hy vir hulle ‘n huweliksgebed getoonset. Ds. Jozua van der Lugt het vir die woorde gesorg en mev. Van der Lugt het die gebed vir die jong paartjie voorgesing. André is die jongste van mnr. en mev. – Kosie la Grange se vier seuns. Hy en sy bruid woon en werk in Port Elizabeth. Mnr. Kosie la Grange het ook die bekende Afrikaanse liedjies, ‘Boere- nooi’ en ‘Ek sing van jou’ gekomponeer. Die woorde is geskrywe deur sy groot vriend, mnr. Johnny Thomson, L.U.K. wat verskeie jare gelede oorlede is. Vir Montagu se jaarlikse Muskadel-wynfees het hy ‘Die Wynlied’ gekomponeer. Mnr. La Grange is ‘n wynboer.



# Kosie la Grange se komposisies

TELEURGESTEL

EK SAL JOU NOOIT VERGEET NIE

BOERENOOI

EK SING VAN JOU

WYNLIED

AS EK OP MY RAMKIE SPEEL

MY DROME IS NOG STEEDS VAN JOU

HILDEGARDE

SONSKYN

HUWELIKSBEDE

PARSTYD IN DIE BOLAND

GELIEFDE LAND SUID-AFRIKA

LENTELIED

---



In 1985 neem Paul en vanZyl vir Kosie en Sally saam met Stanley en sy ma, Bunty Cohen op 'n oorsese reis wat ook Venisië insluit. Daar word in die geheim met die Orkesleier van die Café Florian op die Piazza St Marco gereël om Kosie se "Boerenooi", opgedra aan Sally, te speel as die groepie lekker rustig daar verkeer.

Die ongelooflike oomblik toe die eerste note van "Boerenooi" oor die plein weerklink, kan woorde nie beskryf nie. Nadat Kosie sy buiging voor die entoesiastiese gehoor gemaak het, het die orkesleier "Boerenooi" in sy repertoire ingeskryf en gereeld daardie seisoen herhaal.




I. V. Z.
LA GRANGE
14 VLEI Rd
LAKESIDE 7945
SOUTH AFRICA

Ediz. G. Gerlin - S. Angelo 3572/A Tel. 70.94.76 - VENEZIA

VENEZIA 1-6-1985

Quando verrete sarete i benvenuti. Sarà nostro piacere eseguire la vostra composizione.
Vi aspettiamo.
Distinti saluti da
ELIO ZANELLATO
DELL'ORCHESTRA "CAFFE FLORIAN,,
PIAZZA SAN MARCO

610 riproduzione vietata

Die poskaart van ELIO ZANELLATO, (Orkesleier by Florian) om te bevestig dat hy pa se musiek met graagte speel.

# BOERENOOI OP DIE SAN MARCO, VENISIË.

16-8-85.

Dear van Zyl,
I cannot start to tell you how moved I have been today to receive your card and to read all about your wonderful experiences.
I am really filled with joy at the thought that I was able to contribute in such a small way to this quite unique happening.
Thank you so much for keeping me in the picture. I have just been listening to the tape you so kindly gave me; I long to go back to Venice again, and who knows, I may yet hear this lovely piece "Boerenooi" played in St. Marco's Sq.
Please come and have tea with me sometime and when your parents are next in town please bring them around.
With kindest regards.
Sincerely, Bianca D'Fante

Brief van Mev. del Fanté wat alles in Italiaans vertaal het.

**DIE GOUE JARE OP MELKBOSSTRAND: KOSIE EN SALLY, NABY AAN MEKAAR EN NABY AL HUL KINDERS EN KLEINKINDERS.**



**GELUK-SOENTJIE MET DIE AANBREEK**


**VAN DIE NUWE EEU!**






Vir die laaste keer, BOERENOOI, nog net so mooi soos altyd!

Die vreugdevolle jare op die plaas stap aan en dit word tyd vir Kosie om op 80-jarige leeftyd van hul geliefde Octavia afskeid te neem.






Hul oudste seun, Paul, nooi hulle om by hom op Melkbosstrand, voor op die see, te kom woon. Hulle trek met al hulle versamelings in sy reuse ou huis in, vanwaar hulle aftrede met hope energie en entoesiasme omhels!






**Sally, alleen met haar kroos: André, Verie, Stanley, Mariëtte, Kosie, Paul, Sally en van Zyl.**





# HUWELIKSBEDE

MUSIEK: J. LA GRANGE






---

Luister na Boerenooi deur John Vonos met Hendrik Susan orkes

Dankie Paul Fouche vir die MP3 weergawe